# DIE SKIETLOOD

200e Uitgawe 18 Maart 2022
saam met Koersvas 200

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind**

**Teks 5.** Net soos met die lig van die natuur, so is dit ook gesteld met die Tien Gebooie wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die wet vlek wel die grootheid van die sonde oop en oortuig die mens hoe langer hoe meer van sy skuld, maar dit dui geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Die wet het dus, omdat dit deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, die oortreder onder die vloek laat bly. Daarom kan die mens nie deur die wet die saligmakende genade verkry nie. *Quæ luminis naturæ, eadem hæc Decalogi per Mosen a Deo Judæis peculiariter traditi est ratio: cum enim is magnitudinem quidem peccati retegat, ejusque hominem magis ac magis reum peragat, sed nec remedium exhibeat, nec vires emergendi ex miseria conferat, adeoque per carnem infirmatus transgressorem maledictione relinquat, non potest homo per eum salutarem gratiam obtinere.*

### Verklarende kommentaar

Daar is punte van ooreenkoms tussen die algemene- en besondere openbaring. God het die "lig" in die natuur gestel sodat almal God se handewerk sal raaksien en weet dit kom van God af. Dit word aan alle mense gegee. Die Here het in die besonder die Wet aan die Jode gegee. Hierdie Wet en die algemene openbaring doen dieselfde; dit lig die mens in oor God en oortuig die mens van sy skuld sodat hy besef dat hy nie onskuldig voor God kan verskyn nie.

Die Wet vlek in die besonder die mens se sondige aard en toestand oop. Die volgende punt van ooreenkoms is dat beide algemene openbaring en die Wet geen instrument tot herstel bied nie. Met ander woorde die mens word bewus gemaak van God in die algemeen (skepping) of besonder (Wet), weet in die algemeen via die natuur of besonder via die Wet dat daar hierdie kloof tussen God en mens is, maar nie een van die twee situasies (net kennis van God deur die skepping of intieme kennis deur die Wet) bied 'n remedie, 'n oplossing wat hierdie verlore toestand sal aanspreek nie.

Beide Wet en algemene openbaring doen meer as net om die mens **bewus** te maak van die verlore toestand van die menslike bestaan. Beide **oortuig** die mens van sy verlorenheid en laat hom tot die **besef** kom dat daar **geen** verlossing is nie.

Die mens is met ander woorde voor en na die koms van die Wet in dieselfde toestand. Die mens is totaal verlore. Die Wet op sy eie en sonder sy volle betekenis se besondere kennis sluit enige kennis oor verlossing en genade uit.

Die impak van die sonde is van so 'n aard dat dit selfs die wet kragteloos maak. Op sy beste kan die wet net inlig. Die gevolg is dat die mens as oortreder

onder die vloek bly, met of sonder die wet.

Die koms van Jesus sal dit nie verander nie. Die Wet kan nie aan die mens die saligmakende genade gee nie. Streng gehoorsaamheid aan die Wet bly binne die konteks van die Wet en kan die mens nie red nie. Die mens kan nie op sy eie (*per eum)* die genade verkry nie.

Dit beteken dat Jood en nie-Jood in dieselfde situasie verkeer - totaal verlore. Meer as die positiewe resultaat dat die mens God leer ken, kan nóg die Wet, nóg die algemene openbaring die mens red. Hiervan raak ons oortuig indien ons hulle op hul eie beskou.

**Teks 6.** Wat nie deur die lig van die natuur of deur die wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak. *Quod igitur nec lumen naturæ, nec lex potest, id Spiritus Sancti virtute præstat Deus, per sermonem, sive ministerium reconciliationis, quod est Evangelium de Messia, per quod placuit Deo homines credentes tam in Veteri, quam in Novo Testamento servare.*

**Verklarende kommentaar**

Die feit dat ons almal in dieselfde bootjie van verdoemenis is, is nie die laaste stelling wat oor ons bestaan gemaak word nie. Die Wet en die algemene openbaring het die mens oortuig dat hy nie homself kan red nie. Die laaste woord is nog nie gespreek nie! Wat geen mens ooit kan vermag nie, dit doen God.

God doen dit deur die Heilige Gees. Uit Sy eie interne werking vind God die wil en krag om die mens te red. God maak nie staat op 'n buite agent om Sy wil deur te voer nie, Hy doen dit deur Sy Heilige Gees. Ons kan nie presies dui op die aard van die werking van die Heilige Gees nie, maar God se besondere openbaring stel ons in kennis dat Sy Gees betrokke is by hierdie daad van genade.

Hierdie daad van God hang nie net in die lug nie. Dit word aan die mens oorgedra. Die oordrag van hierdie kennis en die werking van God se genade word oorgedra deur die Woord van God en die bediening van die versoening.

Hierdie genade word die Evangelie van die Messias genoem. Die blye boodskap van God se gesalfde wat genade en versoening moontlik kom maak het in hierdie bedeling. Omdat alle gelowiges in dieselfde verlore toestand verkeer, is dit logies dat almal deur dieselfde versoeningsdaad gered sal word, ongeag die aard van hulle kennis rakende hulle verlore bestaan. God se een geskenk is aan gelowige mense van die Ou Testament en die Nuwe Testament. Neem kennis dat die toekenning die gelowiges toekom, nie alle mense soos sommige sou wou beweer nie.

**Teks 7**. Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, het Hy dit aan meer mense geopenbaar. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van die een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie,

maar aan die volledig vrye welbehae en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Die ander wat hierdie genade nie ontvang nie, moet saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God aanbid sonder om dit met nuuskierigheid te ondersoek. *Hoc voluntatis suæ mysterium Deus in Veteri Testamento paucioribus patefecit, in Novo Testamento pluribus, sublato jam populorum discrimine, manifestat. Cujus dispensationis caussa, non in gentis unius præ alia dignitate, aut meliore luminis naturæ usu, sed in liberrimo beneplacito, et gratuita dilectione DEI est collocanda. Unde illi, quibus præter et contra omne meritum tanta fit gratia, eam humili et grato corde agnoscere, in reliquis autem, quibus ea gratia non fit, severitatem et justitiam judiciorum Dei cum Apostolo adorare, nequaquam vero curiose scrutari debent.*

**Verklarende kommentaar**

Die geheimenis van die besondere openbaring (die Wet) van Sy verborge wil het God aanvanklik aan min mense bekend gemaak, ons lees daarvan in die Ou Testament. Met die koms van die Messias het die situasie verander. God het dit aan meer mense bekend gemaak omdat Hy die onderskeid tussen volke opgehef het. Die uitverkore volk van God was nie minder verlore as die res van die mensdom nie, en God het hierdie onderskeid opgehef en duidelik gemaak met die koms van die Messias.

Waarom was daar hierdie onderskeid. Is die Jode dan werklik 'n waardige volk? Waarom was die Ou Testament bedeling so verskillend? Het die Jode dalk die algemene openbaring (lig) beter verstaan en gebruik? Is daar iets inherent waardig aan hierdie volk van God? Enige positiewe antwoord op daardie vrae moet van die staanspoor in die kiem gesmoor word. Die volk wat die Wet ontvang het, was nie beter of slimmer as die ander nie. Inteendeel, God self het die volk opgebou en steeds was hulle nie die Wet waardig nie.

Die antwoord kan met ander woorde nie in mense of volke gevind word nie. Ons word uitgelewer aan die geheimenisse van God. God het gekies om die Messias te laat kom, Hy het een volk (sonder rede of meriete) afgesonder as die voertuig van Sy genade. Hy het uit volledige vrye wil gekies en opgetree. Sy welbehae is in Homself gesetel en nie in oulike mense nie. Die liefde wat Hy uitstort en uitgestort het, was nog nooit deur 'n mens of volk verdien nie.

Hierdie welbehae van God is sonder menslike oorsprong, positief en negatief. Die mens word begenadig sonder en teen enige verdienste. Die enigste regmatige houding in die lig van hierdie genade is nederigheid en dankbaarheid. Gelowige mense moet met hulle hele wese hierdie genade en liefde koester sonder om dit te ondersoek of in nuuskierigheid daaroor te spekuleer. Inteendeel, diegene wat nie hierdie genade ontvang nie, moet met dieselfde eerbied erken dat God regverdig is, selfs in Sy streng oordeel. Die genade het Sy oorsprong in God, Hy hoef dit of Homself aan geen mens te regverdig nie en geen mens gaan in nuuskierigheid deurdring tot hierdie geheimenisse van God nie.